

Die Christelike Vrou

Julie 2026

Amptelike mondstuk van die NHSV

Hoop dra letsels

Verlede maand het ek in hierdie rubriek vertel van die brug wat ons dorpie verdeel en tans gesluit is, behalwe vir voetgangers. Ek kan nie anders nie as om hierdie maand wéér iets oor die brug te sê, met nog opmerkings oor die onlangse vloed. (Terloops, daar word na hierdie vloed verwys as 'n een-in-200-jaar-vloed...)

Ná die skade aan die Smalblaarbrug het ondernemings aan die ander kant skielik hul kliënte verloor. Toe besluit die [Lions Goudini-tak](#) om iets prakties te doen. Hulle het mense uitgenooi om saam oor die brug te stap, dié besighede te besoek en plaaslik te koop. Só het hulle gewys dat ondersteuning soms so eenvoudig is soos om op te daag.

Dieselfde gees leef in [Van Loveren se Vloedwyn, wat as Wyn van Hoop by Food Lover's Market](#) verkoop word. Die wyn vertel die verhaal van 'n wynplaas wat swaar getref is toe vloedwater byna twee meter hoog deur die kelder gestroom en groot skade aan infrastruktuur, toerusting en wingerde veroorsaak het. Na raming is sowat 1,3 miljoen bottels wyn in die ramp verloor. Tog is die bottels wat die vloed oorleef het – steeds met moddermerke en beskadigde etikette – nie weggegooi nie. Hulle dra vandag die letsels van die storm as 'n herinnering dat hoop dikwels uit gebrokenheid groei.

Hierdie verhale herinner ons aan die woorde van Habakuk. Die profeet skets 'n prentjie van verwoesting: geen oes nie, geen vrugte nie, en geen kleinvee in die krale nie. Alles waarop mense hul vertrouwe geplaas het, het verdwyn. En tog verklaar hy: *...nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop* (Hab 3:18-19, AFR83).

Dit is juis die hart van die NHSV se Kongres- en jaartema. Jubel is nie om die werklikheid van verlies te ontken nie. Dit is om, te midde van modder, gebreekte brûe, vernielde wingerde en onsekerheid, steeds vas te hou aan God wat krag gee om weer op te staan. Wanneer gemeenskappe mekaar ondersteun, wanneer mense kies om hoop bo moedeloosheid te kies, en wanneer geloof sterker spreek as omstandighede, word Habakuk se "nogtans" 'n leefwyse eerder as net 'n Bybelvers.

Hannelie



NHSV KONGRES



NHSV KONGRES

Hoogtepunte

Fotobeeld



Links: Nuutverkose Dagbestuur:

**Annatjie Hattingh (sekretaris),
Ronél Bezuidenhout (visesekretaris),
Sanet van Wyk (tesourier),
Karin Steenekamp (visevoorsitter),
Mari-lizé Beukes (voorsitter) &
Wializé Rocher (visetesourier)**

**Besoek ook die NHSV se
[Facebookblad](#) vir veel meer foto's
geneem tydens die Kongres.**

NHSV KONGRES

Hoogtepunte



NHSV KONGRES

Hoogtepunte



Ma's en dogters (en selfs 'n kleindogter!) by die Kongres.



NHSV KONGRES

Hoogtepunte




NHSV KONGRES

Hoogtepunte: Kunstenaars en sprekers



GEESTESGESONDHEID VAN MANS



GEESTESGESONDHEID VAN MANS

Hoe ons as kerk en gesinne 'n veilige hawe kan skep

Ds Anel Boshoff

Tydens die afgelope NHSV Kongres het ds Annerie Conradie van Gemeente Culembееck die beskrywingspunt rondom geestesgesondheid van mans aangebied. Hoe kan ons as kerk en gesinne 'n veilige hawe skep?

Ons praat vandag baie makliker oor geestesgesondheid as tien of 20 jaar gelede. Tog is daar een groep wat steeds dikwels in stilte swaarkry: mans. Hulle ly nie noodwendig méér aan depressie of angs as vroue nie, maar die manier waarop hierdie probleme na vore kom en hoe mans daarmee omgaan, is dikwels anders – en ongelukkig ook gevaarliker.

Vir baie mans is emosionele pyn iets wat eerder weggesteek as gedeel word. Van kleins af hoor hulle boodskappe soos: *Mans huil nie; Wees sterk; Jy moet self jou probleme oplos*. Hierdie verwagtings laat baie mans glo dat om hulp te soek 'n teken van swaakheid is. Die gevolg is dat hulle dikwels alleen ly – totdat die las ondraaglik raak.

Dit is nie net 'n persoonlike probleem nie; dit raak gesinne, gemeentes en die hele samelewing. Daarom doen die NHSV 'n beroep op vrouelidmate om 'n aktiewe rol te speel in die bewusmaking van mans se geestesgesondheid en om veilige ruimtes te help skep waar mans sonder vrees of skaamte ondersteuning kan ontvang.

'n Stille pandemie


Die statistieke is skokkend. In Suid-Afrika is mans verantwoordelik vir byna 80% van alle geestesgesondheidverwante sterftes. Mans sterf vier tot vyf keer meer dikwels as vroue deur selfdood. Hoewel vroue meer gereeld selfdood probeer pleeg, gebruik mans dikwels meer dodelike metodes en soek hulle veel later – of glad nie – professionele hulp.

Suid-Afrika het een van die hoogste selfdoodkoerse ter wêreld, en jong mans tussen 15 en 24 jaar is besonder kwesbaar. Agter elke syfer is daar 'n seun, 'n eggenoot, 'n pa, 'n broer of 'n vriend wie se pyn dikwels onsigbaar gebly het.

Waarom mans so lank stilbly

Depressie by mans lyk dikwels anders as wat mense verwag. Waar vroue moontlik makliker oor hartseer praat, wys mans se emosionele nood gereeld op ander maniere. Hulle raak geïrriteerd of aggressief, werk buitensporig hard, neem onverantwoordelike risiko's, of wend hulle tot alkohol en dwelms om emosionele pyn te verdoof. Ander onttrek hulle van familie en vriende, of ontwikkel fisieke klagtes waarvoor daar geen duidelike mediese oorsaak is nie.

Hierdie gedrag word maklik verkeerd verstaan. Mense sien dalk net die humeur, die afstandelikheid of die drankmisbruik, sonder om die diep emosionele nood daaragter raak te sien.



GEESTESGESONDHEID VAN MANS

Hoe ons as kerk en gesinne 'n veilige hawe kan skep (vervolg)

Verskeie faktore maak die probleem in Suid-Afrika nog groter. Werkloosheid, finansiële druk, geweld, geslagsgebaseerde geweld, en die voortdurende verwagting dat die man altyd die voorsiener en beskermmer moet wees, plaas geweldige druk op baie mans. In talle gemeenskappe word emosionele openheid steeds as 'n teken van swakheid of selfs vroulikheid beskou. Navorsing wys dat baie mans bang is vir die stigma wat met geestesgesondheidsprobleme gepaardgaan, en glo dat hulle hul probleme self moet oplos.

Daarby kom geestesgesondheidsprobleme dikwels saam met ander uitdagings voor. Depressie, angs en posttraumatische stresversteuring gaan gereeld hand aan hand met alkohol- of dwelmmisbruik. Hierdie sogenaamde komorbiditeit maak behandeling moeiliker en verhoog die risiko van ernstige uitkomst.

Wat leer die Bybel ons?

As Christene hoef ons nie die wêreld se definisie van manlikheid te aanvaar nie. Die Bybel wys vir ons dat ware geestelike krag nie beteken dat 'n mens nooit huil of swaarkry nie.

Jesus self het gehuil by Lasarus se graf. Dawid stort telkens sy hart voor God uit in die Psalms. Elia het moed verloor. Selfs Paulus het openlik oor sy swakhede geskryf. Nêrens leer die Skrif dat emosionele eerlikheid 'n teken van swakheid is nie.

Inteendeel, Galasiërs 6:2 roep gelowiges op: *Dra mekaar se laste*. God het ons geskep om in gemeenskap met Hom én met mekaar te leef. Niemand is bedoel om alleen sy swaar te dra nie.



GEESTESGESONDHEID VAN MANS

Hoe ons as kerk en gesinne 'n veilige hawe kan skep (vervolg)

Hoe moeders hul seuns kan toerus

Die grondslag vir emosionele gesondheid word reeds in die kinderjare gelê. Moeders speel daarom 'n besondere rol in die ontwikkeling van hul seuns se emosionele volwassenheid.

Kinders moet van kleins af leer dat alle emosies aanvaarbaar is, al is alle gedrag nie aanvaarbaar nie. Wanneer 'n seun hartseer, bang of kwaad is, help dit om eerder te vra *Hoe het dit jou laat voel?* as om onmiddellik oplossings aan te bied of sy gevoelens af te maak.

Moeders kan ook self 'n voorbeeld stel deur op 'n gesonde manier oor hul eie emosies te praat. Sô leer kinders dat dit normaal is om oor vreugde, teleurstelling, vrees en frustrasie te gesels.

Nog 'n belangrike les is dat om hulp te vra nie swakheid beteken nie. 'n Seun wat leer dat dit wys is om met 'n ouer, onderwyser, predikant of berader te praat wanneer dinge moeilik raak, sal waarskynlik later as volwassene makliker ondersteuning aanvaar.

Ouers moet ook waaksaam wees vir tekens soos ongewone aggressie, onttrekking, akademiese agteruitgang of langdurige hartseer. Vroeë professionele hulp kan baie pyn voorkom.

Bo alles behoort kinders groot te word met die wete dat God hul veilige toevlug is. Gereelde gesinsgebed, Bybelstudie en oop gesprekke oor geloof help om 'n stewige geestelike anker te vorm.

Hoe vroue hul mans kan ondersteun

Vir 'n man is sy vrou (of lewensmaat) die persoon by wie hy eerste emosionele veiligheid behoort te ervaar. Dit beteken egter nie dat 'n vrou daarvoor verantwoordelik is om al haar man se probleme op te los nie.

Wat mans dikwels die nodigste het, is iemand wat werklik luister. Luister sonder om onmiddellik raad te gee. Luister sonder oordeel. Eenvoudige vrae soos *Hoe gaan dit regtig met jou?* of *Watter laste dra jy vandag?* kan deure wat lank gesluit was, oopmaak.

Baie mans sê hulle wil nie 'n las wees nie. Daarom maak eenvoudige bevestiging 'n groot verskil. Mededelings soos *Ek sien hoe hard jy probeer* of *Ek is trots op jou* help om die gevoel van alleenheid te verminder.

Dit is ook waardevol om mans op 'n sagte, praktiese manier aan te moedig om hulp te soek. Terapie of berading is nie 'n teken van swakheid nie.

Inteendeel! Dit wys dat iemand verantwoordelikheid neem vir sy eie lewe en sy gesin. Soms is dit makliker vir 'n man om 'n eerste afspraak by te woon as sy vrou aanbied om saam te gaan.

Klein gebare dra dikwels groot betekenis. Saam stap, saam bid, saam eet of 'n eenvoudige drukkies kan 'n atmosfeer van veiligheid en aanvaarding skep waarin eerlike gesprekke moontlik word.



GEESTESGESONDHEID VAN MANS

Hoe ons as kerk en gesinne 'n veilige hawe kan skep (vervolg)

Terselfdertyd moet vroue ook na hul eie emosionele welstand omsien. Niemand kan voortdurend uit 'n leë beker gee nie. 'n Gesonde huwelik word gebou op wedersydse liefde, respek en ondersteuning.

Die rol van die kerk

Die kerk behoort een van die veiligste plekke te wees waar mans eerlik oor hul worsteling kan praat. Ongelukkig is dit nie altyd die geval nie. Gemeentes kan baie doen om hierdie kultuur te verander. Wanneer predikante, ouderlinge en gemeentelede openlik oor geestesgesondheid praat, help dit om stigmas af te breek. Mans moet hoor dat depressie, angs en trauma nie geloofsgebrek is nie, maar uitdagings waarvoor daar hulp beskikbaar is.

Kleiner mansgroepe waar vertrouwe oor tyd opgebou word, kan waardevolle ruimtes wees waar mans mekaar ondersteun. Dikwels luister mans makliker na ander mans wat soortgelyke ervarings gehad het.

Die kerk moet ook nie huiwer om professionele hulp te ondersteun nie. Gebed en geloof is noodsaaklik, maar God werk ook deur psigiaters, sielkundiges, beraders en ondersteuningsorganisasies. Die kerk en professionele ingrype staan nie teenoor mekaar nie; dit vul mekaar aan.


Ons almal se verantwoordelikheid

Mans het nie 'n ander soort geestesgesondheid as vroue nie; hulle ervaar bloot ander hindernisse wanneer dit kom by die erkenning en hantering daarvan.

As vrouelidmate, moeders, eggenotes, susters en vriendinne kan ons help om hierdie hindernisse af te breek. Ons kan leer om beter te luister, minder te oordeel en meer vrae te vra. Ons kan veilige ruimtes skep waar kwesbaarheid nie as swakheid beskou word nie, maar as moed.

Dit beteken nie dat vroue verantwoordelik is om mans te "red" nie. Dit is die roeping van die hele liggaam van Christus om mekaar se laste te dra en mekaar op die pad van genesing te ondersteun.

Wanneer 'n man ontdek dat hy nie alleen hoef te worstel nie, dat sy gemeente hom nie veroordeel nie, en dat sy gesin hom met liefde omring, verander iets diep binne hom. Dan word die kerk werklik 'n veilige hawe – 'n plek waar hoop weer gebore kan word, waar genesing begin, en waar mans kan ontdek dat ware krag nie daarin lê om alleen sterk te wees nie, maar om saam met God en sy mense die pad van herstel te stap.



TEEN DIE PAS VAN KINDERS



TEEN DIE PAS VAN KINDERS

Oordenking

Ds Annieka Pottas



Ek is die mamma van twee klein, besige bytjies wat altyd aan die beweeg is. Van ons oudste se geboorte af het sy glad nie van motorritte gehou nie. Dit gaan nou, op vyfjarige ouderdom, darem beter, maar toe sy nog baie klein was en haarself begin uitdruk het, was haar woorde telkens: Uitklim... buite. Sy wou buite wees – dáár waar daar soveel meer is om te ontdek as in 'n karstoeltjie.

Toe sy omtrent twee jaar oud was, het ons see toe gegaan. Ek en my man het vooraf besluit ons gaan die lang pad so rustig moontlik aanpak: net drie ure se ry per dag, dan oorslaap, en uiteindelik drie dae later by die see aankom.

Op papier het dit na 'n uitstekende plan geklink. In die praktyk was dit moeiliker. Selfs met net drie ure se ry per dag was ons byna heeldag op die pad. Daar moes

gereeld gestop word. 'n Klein lyfie raak moeg van stilsit, raak honger en dors, wil bene rek en net weer buite wees.

En tog het ons, ten spyte van al die stoppe, onself telkens betrap dat ons net by die bestemming wou uitkom. Die gejaagdheid van die wêreld het saam met ons vakansie gehou. Ons was só gefokus op waarheen ons op pad was, dat ons skaars die reis self geniet het.

Ek dink dit beskryf baie van ons se lewens. Ons jaag so maklik deur die dae dat ons ophou om die "op pad wees" te beleef.

Juis hieraan moes ek dink toe ek Genesis 33 weer lees.

Jakob staan op die punt om ná baie jare met sy broer Esau te herenig – dieselfde Esau wat hy vroeër bedrieg het. Maar wanneer hulle mekaar uiteindelik ontmoet, hardloop Esau hom tegemoet, omhels hom en nooi hom om saam met hom na Seir te reis.

Jakob se antwoord getuig van besondere wysheid. Hy sê in Genesis 33:14 (AFR83): *Trek u maar vooruit voor my en dan kom ek op my gemak agterna. Ek sal volgens die pas van die vee en van die kinders na u toe kom.*

Volgens die pas van die kinders.

Die pad vorentoe sou lank wees. Tog kies Jakob nie om almal aan te jaag of die kleinstes te forseer om teen 'n onmoontlike tempo by te hou nie. Hy ken hul vermoëns én hul beperkings. Daarom sê hy: *Gaan julle maar vooruit. Ons sal kom – maar teen die pas van die kinders.*

As 'n mens jou die toneel voorstel, sien jy 'n hele gemeenskap wat stadiger beweeg omdat die jongstes die tempo bepaal. Kinders wat speel, ontdek,

TEEN DIE PAS VAN KINDERS

Oordenking (vervolg)



stilstaan, moeg word en weer moet rus. Hul pas word die pas van die hele gemeenskap.

En dit laat 'n mens wonder: Hoe dikwels leef ons só?

Of leef ons eerder asof alles dringend is? Asof ons voortdurend moet presteer, afhandel, inhaal en nóg meer doen?

As vroue dra ons baie verantwoordelikhede. Ons is dikwels verantwoordelik vir ons gesinne, ons werk, ons gemeentes en ons gemeenskappe. Daar is altyd nog iets wat aandag vra. Tog hoor ek in Jakob se woorde iets van God se uitnodiging aan elkeen van ons:

Leef stadiger.

Leef rustiger.

Leef teen 'n pas wat vir jou liggaam en jou siel goed is.

Hierdie gedagte loop soos 'n goue draad deur die Bybel.

Dink maar aan die skeppingsverhaal. Die mens word op die sesde dag geskep. God gee aan die mens die opdrag om oor die skepping te heers en daarvoor verantwoordelikheid te neem. Maar wat gebeur op die eerste volle dag van die mens se bestaan?

Dit is nie 'n werksdag nie. Dit is 'n rusdag.

Nog voordat die mens iets kon bewys, iets kon bereik of iets kon opbou, nooi God hom om eers te rus. Dis asof God van die begin af sê: Die werk gaan altyd daar wees. Verantwoordelikhede gaan nooit ophou nie. Maar moenie toelaat dat dit jou lewe bepaal nie.

Rus is nie 'n beloning nadat alles afgehandel is nie. Rus is deel van die ritme waarmee God ons geskep het.

Dieselfde beginsel sien ons wanneer God sy volk uit Egipte bevry. Vir geslagte lank het hulle onder 'n stelsel geleef waar hul waarde gemeet is aan hoeveel hulle kon produseer. Hul identiteit was dié van slawe. Byna die eerste ding wat God ná hul bevryding doen, is om die Sabbat weer in te stel. Dit is asof Hy sê: Julle is nie meer slawe nie. Julle is my mense. Julle hoef nie meer jul waarde deur prestasie te bewys nie. Kom terug na my ritme. Kom leef weer soos Ek dit bedoel het – stadiger, rustiger, teen 'n pas wat vir jul liggame en siele goed is.

Ek moet eerlik erken dat hierdie waarheid my steeds uitdaag. Ek staan soggens dikwels op met 'n lys van dinge wat gedoen moet word. My eerste gedagte is maklik: *Wat moet vandag alles afgehandel word?* Sonder dat ek dit besef, begin ek my waarde meet aan produktiwiteit. As ek baie gedoen het, voel dit na 'n goeie dag. As ek nie alles afgehandel kry nie, voel dit of ek tekortgeskiet het.

Maar wanneer ek na my kinders kyk, sien ek iets heeltemal anders. Hulle staan nie soggens op om produktief te wees nie. Hulle staan op om te leef. Hulle ontdek. Hulle speel. Hulle lag. Hulle verwonder hulle.

En skielik besef ek: Dalk verstaan hulle iets van God se bedoeling met die

TEEN DIE PAS VAN KINDERS

Oordenking (vervolg)



lewe wat ek, as volwassene, maklik verloor het.

Terselfdertyd leef ons in 'n wêreld waar selfs kinders al hoe minder kans kry om teen die pas van kinders te leef. Ons vul hul dae met aktiwiteite, prestasies en verwagtinge. Oral hoor 'n mens hoe kinders onder druk verkeer en hoe angs en uitbranding al hoe jonger mense raak.

Dalk begin verandering by ons. Nie deur nóg 'n lys reëls op te stel nie, maar deur eerlik na ons eie lewens te kyk.

Waarmee vul ek my dae?
Watter dinge op my kalender het werklik ewigheids waarde?
Waarheen roep God my – en waarvan moet ek dalk leer om weg te stap?
Want nie elke geleentheid is 'n roeping nie. Nie elke versoek vra 'n ja nie.
En nie elke besige dag is noodwendig 'n vrugbare dag nie.

TEEN DIE PAS VAN KINDERS

Oordenking (vervolg)



Luister ook na jou liggaam. Die gejaagdheid wat jy diep binne-in ervaar, is dalk nie net moegheid nie. Dalk is dit God se sagte stem wat jou herinner: Jy is nie geskep om soos 'n slaaf te leef nie. Jy is geskep om soos 'n geliefde kind te leef. En geliefde kinders hoef nie voortdurend hulself te bewys nie. Hulle mag rus. Hulle mag asemhaal. Hulle mag leef teen die pas van die kinders.

Daar is nóg iets wat kinders ons leer. Omdat hulle stadiger leef, sien hulle meer. Terwyl ons doelgerig verbyloop, buk hulle af om 'n blommetjie op te tel, bly hulle staan by 'n gogga, of luister hulle na die geluid van 'n voël. Verwondering kom natuurlik wanneer 'n mens nie voortdurend gejaag word nie.

Miskien is dit juis waarna God ons terugroep. Nie na 'n onverantwoordelike lewe sonder verpligtinge nie, maar na 'n lewe waar verantwoordelikhede nie ons identiteit bepaal nie. Na 'n lewe waar ons nie net jaag om by die volgende bestemming uit te kom nie, maar waar ons ook die reis saam met God geniet.

Die wêreld sal altyd vinniger wil beweeg. Daar sal altyd nog iets wees om te doen, nog iemand om te help, nog 'n e-pos om te antwoord, en nog 'n afspraak om na te kom.

Die vraag is: Watter pas bepaal my lewe? Is dit die wêreld se pas? Of is dit God s'n?

Genesis 33 gee vir ons 'n verrassende antwoord. Jakob kies nie die tempo van die sterkstes, die invloedrykstes of die haastigstes nie. Hy laat die jongste en kwesbaarste lede van die gemeenskap die pas aangee.

Watter merkwaardige beeld van God se koninkryk! 'n Gemeenskap waar niemand agtergelaat word nie. Waar die swakstes nie gedwing word om by te hou nie. Waar almal saam beweeg teen 'n tempo wat lewe gee.

Ek wonder hoe ons gesinne, gemeentes en selfs ons werkplekke sou lyk as ons hierdie ritme ernstiger sou opneem. Hoe sou ons kinders gevorm word as hulle by ons kon sien dat rus nie luiheid is nie, maar gehoorsaamheid? Dat ons waarde nie lê in hoe besig ons is nie, maar daarin dat ons aan God behoort?

Miskien begin dit met klein, eenvoudige keuses: om doelbewus stadiger te stap, ruimte te maak vir stilte, werklik na mense te luister, en die selfoon neer te sit wanneer 'n kind vir jou iets wil wys. Om nie net verby die lewe te jaag nie, maar dit met dankbaarheid te ontvang.

Mag dit so wees dat wanneer mense na ons lewens kyk, hulle dieselfde kan sien as wat Esau daardie dag by Jakob gesien het: mense wat nie die kinders vooruithardloop nie, maar bereid is om hul pas aan te pas ter wille van die jongstes en die kwesbaarstes.

Mag ons weer leer om te leef... Stadiger. Rustiger. Verwonderd. Vreugdevol. Volgens die ritme waarmee God ons geskep het.

Teen die pas van die kinders.

**Ds Annieka Pottas se openingsboodskap
Saterdagoggend 27 Junie 2026
tydens die NHSV Kongres**

Goeiemôre **Taal** *Skryf* PRAKTIESE AFRIKAANS

WELKOM WOORDEBOEK

voornaamwoord Leer

Spelling **AFRIKAANS**

PRAKTIESE AFRIKAANS

Afrikaans *betrekklik*

Lees *boksie* *Sê*

Goeienaand *Spelling*

LETTERKUNDE

Vrae

WELKOM

Goeiedag

PRAKTIESE AFRIKAANS

Betreklike voornaamwoorde

Tessa Oppermann, Gemeente Rooihuiskraal



Voornaamwoorde (Engels *pronouns*) is woorde wat in plaas van 'n eienaam gebruik word om iemand of iets wat vroeër genoem of na verwys is, aan te dui. Betreklike voornaamwoorde (ook genoem relatiewe voornaamwoorde of bindwoorde) is belangrik waar sinne aan mekaar verbind word.

'n Irriterende fout wat gereeld gemaak word – ook in Afrikaanse nuus- en joernaalprogramme en in die tekste van sepies op televisie – is die gebruik van die foutiewe voornaamwoord *wie* in die plek van die korrekte *wat*. Tydens Therese Bam se onderhoud op Kwêla in 2019 met die skrywer regter Andries Buys (skrywersnaam Lodewyk G du Plessis) ná die publikasie van sy boek *Die Dao van Daan van der Walt* (2018), vertel die regter van 'n kollega wat in die hof 'n advokaat se relaas onderbreek het met die opdrag om die *Onse Vader* op te sê. Dié begin: *Onse Vader wat in die hemel is*, en die regter onderbreek hom met: *Stop dit net daar. As jy die Here God "wat" kan noem, waarom staan en vertel jy my in my hof van die man "wie" daar geloop het?*

Luister gerus na dié onderhoud by: <https://www.facebook.com/NBPublishers/videos/onderhoud-met-lodewyk-g-du-plessis-op-kw%C3%AAla/334728540740132>

- *Wat* is die mees gebruikte voornaamwoord in Afrikaans en word vir mense, diere en dinge gebruik: *Die seuns wat so maak ... / Die hond wat my gebyt het ... / Die stoel wat gebreek het ...*
- Die voornaamwoord *wie* word nooit alleen in Afrikaans gebruik nie. Dit is grammatikaal verkeerd om te sê *Die persoon wie daar geloop het ...* Die voornaamwoord *wie* word slegs saam met die partikel *se* (om besit by mense aan te dui) of saam met 'n voorsetsel gebruik: *Die vrou wie se kind siek was, het nie kom werk nie / Die vrou met wie ek gepraat het, se kind is siek / Die man vir wie ek geld skuld, raak nou baie ongeduldig.*
- Vir diere en dinge word meestal *waarvan* gebruik: *Die renoster waarvan die horings af is ...* Ander soortgelyke verbindingswoorde is *waarmee/waarop/waarvoor*, ensovoorts: *Die mes waarmee ek sny ... / Die bank waarop ek sit ... / Die fiets waarvoor ek gespaar het ... / Die huis waarin ons woon ...*
- In onversorgde spreektaal vind ons egter wel gevalle soos die volgende: *Die tafel wat hy by eet, is van geelhout gemaak / Die boek wat ek R300 voor betaal het, is vol foute.* In versorgde skryftaal moet egter eerder by die tradisionele vorme gehou word.

Medewerkers aan hierdie uitgawe:

Ds Hannelie Botha (redakteur), ds Anel Boshoff, ds Annieka Pottas, Tessa Oppermann

Taalversorging: Tessa Oppermann

Foto's vanaf www.Pixabay.com of <https://www.freepik.com> of KI of skrywers. Ander grafika van www.flaticon.com

Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za

	www.nhsv.org.za		Porterstraat 40, Rawsonville, 6845		diechristelikevrou@gmail.com
	diechristelike		Christelike Vrou		082 923 9439

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van *Die Christelike Vrou* se redaksie of die NHSV nie.